Nuusbrief 14 van 2024
5 September 2024

# Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

## Liewe Ouers

Tussen al die aktiwiteite het die kwartaal verby ons gevlieg! Ons matrikulante is reeds in die derde week van die rekordeksamen en die res van die skool het hierdie week met toetse begin.

BAIE sterkte aan al ons leerders – ons bid daagliks vir julle! Onthou: jy is besig om in jou eie toekoms te belê! Harde werk = sukses!



## BAIE WELKOM!

Baie welkom aan me. Lana Butler! Sy is in die Geografie- en Toerisme-pos aangestel nadat mnr. Adriaan van Niekerk 'n pos in Kuwait aanvaar het.

Ons **TENNISLIGA** kom Vrydag tot 'n einde. Dit was 'n moeilike seisoen met min oorwinnings, maar ons spelers het waardevolle ondervinding opgedoen! Sien gerus al die uitslae op ons Facebook!

Baie sterkte aan ons tweedespanne wat Vrydag teen Wessel Maree (weg) speel. Geniet die laaste wedstryd van die seisoen!

## DIT IS TYD VIR ONS KOSVERKOPE!

Ons jaarlikse kosverkope vind op Vrydag, 6 September 2024 plaas! Gevolglik sal daar geen formele skool wees nie. Slegs die leerders wat eksamen of toets skryf (gr. 12-Fisiese Wetenskappe en gr. 10-Geografie) asook die graad 11-Besigheidstudieleerders wat by die koffiewinkel betrokke is, moet skool bywoon.

Baie dankie aan elke ouer wat 'n donasie gestuur en/of 'n bestelling geplaas het. Ons waardeer julle ondersteuning!

## KLEREDRAG VIR DIE SOMER

Dis heerlike Lente, die Winter is verby!

**Somersdrag vir meisies:**
Meisies dra 'n swart skoolromp met wit kouse.

**Somersdrag vir seuns:**
Seuns dra 'n grys kortbroek met grys kouse of 'n swart langbroek met swart kouse.

Baadjie (met 'n das) of trui mag gedra word!


## Waar jy ookal gaan ... wéés die verskil!




# Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

## PRESTEERDERS






**Ruoise Möller, Jana Ross, Fumane Moiloa** en **Kabelo Mosia** is ingesluit in Lejweleputswa o.19-krieketspanne.

Baie geluk aan hierdie leerders!

Hulle speel op 14 September hulle eerste wedstryde. Baie sterkte!



**Travis van Wyk** is uitgenooi na die finale Griffons 7's-rugbyproewe wat op 7 September plaasvind. Baie sterkte!

## PRESTEERDERS




Ons is baie trots op **Louan Kotzé** en **Alannah Dexter** wat uitgenooi was na die Skeinat Konvensie in Potchefstroom!

**Relebohile Dhlangisa** is ingesluit in die Vrystaat Landloopspan wat op 7 September aan die SA-Landloopkampioenskappe gaan deelneem.
Baie sterkte, Relebohile!
Ons is baie trots op jou!







**Teilon Cawood** en **Jayden van Wyk** het aan die Vrystaat Gholf-Unie 2024 NOMADS Junior Ope-kampioenskappe deelgeneem. Teilon eindig 31ste uit 73 spelers en 9de in sy ouderdomsgroep. Jayden eindig 45ste uit 73 spelers en 14de in sy ouderdomsgroep.

☆ **Divan van Pletzen** het tydens die FSWA Stoeikampioen-skappe 'n tweede plek in die o.15-Vrystyl-afdeling behaal.

Baie geluk aan hierdie seuns! Ons is trots op julle!